LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

20-02-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 7 VIR 2017

24 Februarie	NG Suikerbosrand hou Basaar vanaf 14:00 tot laat	Kerkterrein
25 Februarie	Gereformeerde Kerk hou Boeremark vanaf 08:00-14:00. Kom koop plaaslik en vars uit ons eie gemeenskap. Uitstalspasie beskikbaar (Susan 0795167975)	Pretoriusstr 12
3 Maart	Wêreldbiddag vir vroue begin om 10:00. Al ons Graad 7 dogters en hulle mammas is saamgenooi.	Klipkerk

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **ATLETIEK 2017:**
DINSDAG, 21 FEBRUARIE 2017 TE SASOLBURG - D7 KAMPIOENSKAPPE

- Elke atleet wat deelneem het reeds 'n program ontvang. Byeenkoms begin om 08:30. Bussie vertrek 06:00 en sal ± 16:00 terug wees.
- Atlete moet by Juf Louda aanmeld. Slegs atletiekdrag is toelaatbaar.
- Sterkte aan al ons atlete, ons weet julle sal Volkies se naam hoog hou!

2 **KULTUURAAND**:
Baie dankie aan elkeen wat dié aand bygewoon het, dit was 'n groot sukses!

3 **NETBAL**:

- Wedstryde vir 0/10 A en B - 0/13 A en B:

9 Maart	Christiaan Beyers	Weg
11 Maart	Protearif	Weg
23 Maart	Selectionpark	Weg
25 Maart	Fonteine	Weg

- Netbalkliniek is op 22 en 23 Februarie vir 0/10 - 0/12 @ R250 per speler. Die 0/13 span oefen wel soos normaal.
- Netbaltoer vir 0/13 span is vanaf 10-12 April te Roodeplaat.

MINI-NETBAL:

MINI-NETBAL begin oefen op 28 Februarie 2017 slegs Dinsdae en Donderdae op die Netbalbane		
13:00 - 14:00	0/7	Juf Alta en Erna
14:00 - 15:00	0/8	Juf Danéll en Ronel Oosthuizen
14:00 - 15:00	0/6	Juf Tilda en Naurette
15:00 - 16:00	0/9	Juf Deo-Dané, Jireh en Carina Venter

4 **RUGBY:**

- Pa en Seundag is Saterdag, 22 April by Loftus - Blou Bulle VS Cheethas
- **Amptelike oefening begin Maandag, 20 Februarie vir 0/9-0/13 seuns:**

0/8	Ma, Wo, Do	17:00 - 18:00	Willem Sprong
0/9	Ma, Di, Do	14:00 - 15:00	Mnr Jaco
		17:00 - 18:00	
0/10	Ma, Di, Do	14:00 - 15:00	Mnr Tiaan en Mnr Willie
0/11	Ma, Di, Do	15:00 - 16:00	Mnr Lardus
2des	Ma, Di, Do	15:00 - 16:00	Mnr Cassie en Mnr Dawie
1stes	Ma, Di, Do	16:00 - 17:00	Mnr Tewis

- Ons eerste wedstryde vir die seisoen is 9 Maart teen Christiaan Beyers, weg.

5 **SPORTBRAAI VIR ALLE SPORTSOORTE:**

Ouers word uitgenooi na 'n kort inligtingsgeleentheid en 'n braai op 22 Februarie om 18:00 by die skoolsaal. Vure word reeds 17:30 aangesteek. Bring u eie piekniekmandjie en kom kuier lekker saam. Ouers gaan tot 18:20 in die saal wees, waarna almal gaan opdeel in die verskillende sportsoorte. Ouers kan ook Klub1903 (klubhuis by Paradys) gaan besoek waar u elkeen 'n geskenkie gaan ontvang. Daarna kuier ons lekker saam by die saal.

6 **STUDIEMETODE-KLAS:**

Die laaste studiemetode klas vind plaas op Woensdag, 22 Febr vanaf 16:00 - 16:50. Daar sal weer volgende kwartaal 'n kursus vir Graad 4 leerders aangebied word.

7 **SKAAK**:

Skaak oefening is Woensdag vir Beginners vanaf 15:00 - 15:45.
Juniors en Seniors (leerders wat reeds kan skaak speel) oefen 16:00 - 17:00

24 Februarie	Volkie Ope (sluitingsdatum is 22 Febr) Almal welkom om in te skryf - selfs beginners
25 Februarie	Heidelberg Skaakklub Ope. Inskrywings sluit 21 Febr. Dit is 'n gegradeerde Sedibeng skaaktoernooi.

Inskrywingsvorms vir beide toernooie is beskikbaar op www.sedchess.co.za of jy kan 'n vorm afhaal by Juf Ronelle Terblanche.

8 **SWEM**:

Daar is Dinsdag en Donderdag swemoefening by die Hoërskool se swembad vanaf 15:00 - 15:45.
Woensdagmiddag het ons weer swemgala in Boksburg. Sterkte aan ons swemspan.

9 **KOOR**:

Juniorkoor oefening begin Maandag, 20 Febr, vanaf 14:00 - 14:50. Elke koorlid het 'n brief ontvang.

Seniorkoor oefening: Ons het baie min oefen geleentheid dié kwartaal. Let asb. dat daar geen sport Donderdag, 2 Maart vir die Seniors sal wees nie. Dit sal ons eerste amptelike Seniorkooroefening wees.
Die volgende oefening-datums:

Donderdag,	2 Maart	14:00 - 15:45
Woensdag,	15 Maart	14:00 - 15:15
Woensdag,	22 Maart	14:00 - 15:45
Woensdag,	29 Maart	14:00 - 15:45

Vrydag, 3 Maart is ons Nagmark parkering-fondsinsameling. Koorlede kom bymekaar op die rugbyveld om 17:00 met 'n piekniekmandjie. Ouers kan koorlede weer ± 20:00 kom oplaai.

10 **SENIOR CHEF:**
Ouers word versoek om asb hierdie projek te ondersteun. Elke leerder het reeds bestelvorms ontvang. Sluitingsdatum is 6 Maart. Stuur asb kontant saam met u bestellings. Aflewering is 18 April 2017. Leerder wat die meeste verkope het, wen R300 Geskenkbewys by Heidelberg Mall en die klas wat die meeste verkope het, wen elk 'n koeldrank en pizza.

11 **BERGFIETS**:
Almal wat 'n fiets het en graag hulle vaardigheid wil verbeter of sommer 'n geleentheid soek om meer van die opwindende sport van bergfiets wil leer, kom oefen saam van 27 Feb af. Oefening sal plaasvind by die parkie in Jordaanpark (hoek van 3de laan en Unie straat) Maandae tussen 15:00-16:00. Vir meer inligting kontak Wikus Boshoff by 082 7800 117. Onthou asb jou helmet!

12 **LOLLO'S**:
Lollo's en al sy vriende kom by ons kuier op Vrydag, 3 Maart om 17:30 in die skoolsaal. Kaartjies is R80. Babas onder 12 maande gratis. Om te bespreek, stuur 'n epos met jou naam, van, kontaknr en hoeveel kaartjies jy soek vir die Heidelberg vertoning na admin@kindervermaak.co.za / 0824107682.

13 **MY SCHOOL CARD:**
Ouers word gevra om die aansoekvorm terug te stuur skooltoe. Die kaart word dadelik uitgereik en dit kan gebruik word by: www.power24.co.za; www.loot.co.za; Flight centre; Woollies & Engen Quick shop.

14 **DISKONTO BOEKUITSTALLING:**
Diskonto boeke kom weer van hulle boeke uitstal in die Mediasentrum vanaf 21 -24 Maart van 08:00 tot 15:00. Ouers en leerders kan kom boeke aankoop teen 'n baie billike prys.

15 **VOLKIE NUUSBULLETIN:**
Stuur asb. ALLE deelname en prestasies van u kind/ers se buitesporte na helenebotha@laervolkskool.co.za voor of op 16 Maart 2017.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF